# Veilingspryse

## Kwazulu-Natalse Wildveiling 'n reuse sukses

***"Die Kwazulu-Natalse Natuurlewe Wildveiling was vanjaar 'n belewenis soos min. Wat my die meeste opgeval het, was dat daar met net soveel entoesiasme op springbokke as op renosters gebie is."***

So praat Mike Killassy, die bekende afslaer van Vleissentraal, wat saam met Willie Roux, ook 'n gesogte afslaer van Vleissentraal, gesorg het dat nie minder nie as 2 605 diere teen 'n rekordbedrag van byna R22 miljoen verkoop is. Die veiling, wat op Saterdag, 23 Junie in die Hluhluwe-Umfolozipark gehou is, was 'n reusesukses en kan met reg as die grootste in Afrika, indien nie die wêreld nie, beskou word.

Twee nuwe Suid-Afrikaanse rekords is by die veiling verbeter. 'n Njalabul is vir 'n rekordbedrag van R15 000 verkoop, terwyl die rekord vir swartrenosters vanaf R440 000 na R550 000 verbeter is.





**Die afslaers in aksie: Mike Killassy (links) en Willie Roux (onder).**

**Onder: 'n rekordbedrag is vir 'n Nyalabul betaal.**



| KWAZULU NATAL AUCTION | | | 23 JUNE 2001 |
|---|---|---|---|
| **LIVE** | | | |
| **Species** | **Offered** | **Highest** | **Average** |
| Blue Wildebeest | 27 | R2 800.00 | R2 503.00 |
| Bushbuck | 12 | R6 500.00 | R6 208.00 |
| Eland | 21 | R6 000.00 | R3 904.00 |
| Giraffe | 2 | R12 100.00 | R12 100.00 |
| Kudu | 10 | R4 000.00 | R2 960.00 |
| Nyala | 145 | R15 000.00 | R7 362.00 |
| Ostrich | 28 | R2 100.00 | R1 964.00 |
| Waterbuck | 8 | R7 500.00 | R6 000.00 |
| Zebra | 16 | R3 200.00 | R3 093.00 |
| White Rhinoceros | 44 | R550 000.00 | R176 785.00 |
| Black Rhinoceros | 6 | R550 000.00 | R550 000.00 |
| Total live | 319 | | |
| **CATALOGUE** | | | |
| Blesbok | 125 | R700.00 | R604.00 |
| Black Wildebeest | 20 | R3 400.00 | R3 400.00 |
| Blue Wildebeest | 194 | R3 000.00 | R2 545.00 |
| Bushbuck | 20 | R5 000.00 | R4 062.00 |
| Common Reedbuck | 48 | R4 800.00 | R4 562.00 |
| Eland | 60 | R4 100.00 | R4 035.00 |
| Giraffe | 42 | R14 500.00 | R12 666.00 |
| Impala | 960 | R725.00 | R634.00 |
| Kudu | 56 | R2 850.00 | R2 600.00 |
| Nyala | 457 | R12 000.00 | R6 643.00 |
| Red Hartebeest | 99 | R3 500.00 | R3 247.00 |
| Springbok | 80 | R950.00 | R718.00 |
| Waterbuck | 10 | R5 750.00 | R5 550.00 |
| Zebra | 58 | R4 100.00 | R3 784.00 |
| Warthog | 40 | R1 300.00 | R1 200.00 |
| White Rhinoceros | 24 | R420 000.00 | R172 750.00 |
| Total live | 2 293 | | |
| **TOTAL** | | | |
| Total live | 319 | R550 000.00 | R386 657.00 |
| Total catalogue | 2 293 | R420 000.00 | R4 220.00 |
| Total | 2612 | R550 000.00 | R8 397.00 |
| TOTAL TURNOVER LIVE: | | R12 215 650.00 | |
| TOTAL TURNOVER CATALOGUE: | | R9 659 500.00 | |
| TOTAL: | | R21 875 150.00 | |
| All animals offered were sold | | | |
| Auction was held by Vleissentraal | | | |
| Presented by Vleissentraal Bosveld Potgietersrus | | | |

Mnr Killassy sê hy was beïndruk deur die lewendige deelname van die groot aantal kopers. "Daar was ongelooflike belangstelling in elke lot. Die kopers was nie net daar vir die renosters nie, maar vir al die wild – klein en groot. By baie van die ander veilings vanjaar was die kopers selektief. By dié veiling was dit anders." Hy sê die vinnige tempo van die veiling, die aantal kopers en die hoë pryse het gewis gesorg vir 'n baie opwindende veiling.

Volgens mnr Roux is die KwaZulu-Natalse Natuurlewe Wildveiling hoog aangeskrewe onder wildboere. "Die besondere hoë pryse wat by die veiling behaal is, dui daarop dat kopers baie vertroue het in wild uit dié bron. Die rede hiervoor is die sorg waarmee die KZN Wildvangeenheid die diere voor en na die veiling hanteer," sê hy.

Die verkoop van 'n teelgroep van ses swartrenosters van die Mkhuze Wildreservaat - teen R550 000 elk en 'n totale bedrag van

Vervolg op bls 27

Vervolg vanaf bls 11

nie minder nie as R3,3 miljoen - aan die wildboer Herman van Schalkwyk van die Noordelike Provinsie het ook die oë laat rek. Ander pryse wat aandag getrek het was 'n renosterkoei met 'n verskalf wat vir R550 000 deur Kobus du Toit van Hoedspruit gekoop is.

'n Besondere kenmerk van die veiling was dat die pryse van die wild wat per katalogus verkoop is, anders as gewoonlik, in baie gevalle hoër of vergelyjbaar was as die pryse van wild wat lewendig aangebied was. Dit geld veral vir blouwildebees, eland en kameelperd. Hierdie verskynsel het voorgekom tenspyte daarvan dat baie groter getalle van hierdie diere per katalogus aangebied is.


Die veiling sal gewis nog lank onthou word, nie net vir die hoë pryse en aantal wild wat verkoop is nie, maar ook vir die professionele wyse waarop dit aangebied is. Die diere was ook baie kalm en in 'n uitstekende fisieke toestand aangesien hulle met sorg aangekeer is en reeds 21 dae voor die veiling in die hokke was. ■



Aangesien die wild by die skou baie kalm was, kon kopers en besoekers tot baie naby aan die renosters kom.



Waterbokbul.



Eland



Bosbok

| ALLDAYS WILDVEILING | | | | 11 JUNIE 2001 |
|---|---|---|---|---|
| Spesies | Aangebied | Gemiddeld | Laagste | Hoogste |
| Blouwildebees | 34 | R2 232.00 | R2 000.00 | R2 400.00 |
| Eland | 8 | R4 300.00 | R4 300.00 | R4 300.00 |
| Gemsbok | 39 | R3 090.00 | R2 700.00 | R3 700.00 |
| Koedoe | 32 | R1 648.00 | R1 550.00 | R3 000.00 |
| Burchells Sebra | 8 | R3 363.00 | R2 000.00 | R3 600.00 |
| Rooibok | 64 | R494.00 | R475.00 | R510.00 |
| Volstruis | 14 | R889.00 | R850.00 | R900.00 |
| Waterbok | 6 | R4 083.00 | R4 000.00 | R4 500.00 |
| Diere Aangebied | 205 | | | |
| OMSET: R378,985.00 | | | | |
| Afslaer Willie Roux | | | | |
| Aangebied deur Vleissentraal Bosveld Potgietersrus | | | | |

| WATERBERG GAME DEALERS | | | 30 JUNIE 2001 | |
|---|---|---|---|---|
| Spesie | Verkoop | Laagste | Gem. Prys | Hoogste |
| Basterhartbees | 5 | R10 000.00 | R14 000.00 | R15 000.00 |
| Blesbok | 22 | R550.00 | R593.18 | R650.00 |
| Blouwildebees | 33 | R2 000.00 | R2 162.12 | R2 700.00 |
| Bosbok | 3 | R3 500.00 | R3 500.00 | R3 500.00 |
| Eland | 19 | R4 200.00 | R4 626.32 | R5 900.00 |
| Gemsbok | 10 | R3 950.00 | R4 205.00 | R4 600.00 |
| Kameel | 2 | R14 000.00 | R14 000.00 | R14 000.00 |
| Kameelperd | 6 | R8 000.00 | R10 750.00 | R13 500.00 |
| Koedoe | 10 | R1 550.00 | R2 390.00 | R5 700.00 |
| Kwagga | 7 | R2 800.00 | R3 014.29 | R3 100.00 |
| Rooibok | 16 | R800.00 | R800.00 | R800.00 |
| Rooihartbees | 16 | R3 500.00 | R3 796.88 | R4 600.00 |
| Swartwitpens | 1 | R15 000.00 | R15 000.00 | R15 000.00 |
| Volstruis | 10 | R500.00 | R500.00 | R500.00 |
| Waterbok | 2 | R4 500.00 | R4 500.00 | R4 500.00 |
| Renoster | 2 | R150 000.00 | R150 000.00 | R150 000.00 |
| Totaal | 164 | | | |
| Omset R834 900.00 | | | | |
| Afslaer: Vleissentraal Bosveld | | | | |


DUNCAN APPLICATOR

Bosluisbeheer / Tick Control



R1340,00 (btw-uit)

- Die mees ekonomiese diptoestel in Suid Afrika
- Nou direk beskikbaar vanaf die vervaardigers
- Geen bewegende dele
- Sedert 1988 steeds die mees gesogste diptoestel
- Kom gesels gerus met ons oor die toepassing van die toestel

Tel/ Faks:
(012) 803-6647 / Sell: 083 263 7897
E-pos: info@tick.co.za / www.tick.co.za